


# KOERSVAS

Jaargang 3      Uitgawe 70      28 Augustus 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Bondsvergadering

Die derde Bondsvergadering begin oor bietjie meer as 'n week. Die Agenda met bylae is uitgestuur en al die afgevaardigdes is druk besig om voor te berei vir die vergadering. Daar is 'n duidelike momentum te bespeur. Die agenda met al die bylae is 'n lywige dokument. Hierdie Meyerspark vergadering bevat verskeie uitdagings vir die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG).

Die eerste is om die positiewe momentum te behou en nie terug te val na 'n negatiewe dryfkrag nie. Ons eie geskiedenis vertel van 'n groep wat hulle teenstem laat notuleer het teen 54/69 en tot en met die BAKV van 2011 as die Beswaardes bekend gestaan het. Dit was 'n eie wilsbesluit om daarna as steedsHervormers geïdentifiseer te word. Ons het besluit om positief die toekoms in te gaan. Die NHKA leiding het voortgegaan met die stigmatisering van lidmate met 'n ruggraat en baie lidmate in die NHKA het steeds 'n negatiewe persepsie van steedsHervormers en die GHG. Vir ons as steedsHervormers was die nuwe naam 'n positiewe vashou aan die verlede sonder om vasgevang te word in

die negatiewe van die stryd. Die meeste gemeentes wat deel van hierdie beweging is, het tussen toe en nou besluit om deel te word van die GHG. Die GHG is nie 'n nuwe kerk nie en wil geen kerk stig nie. GHG lidmate verstaan hulself en hulle gemeentes as die historiese en teologiese voortsetting van die Voortrekkerkerk. Dit sluit in 'n *quia* (omdat)- benadering ten opsigte van die belydenisskrifte, 'n onwrikbare aandrang daarop dat die wonders van Jesus (verwekking, fisiese opstanding, hemelvaart en belofte van wederkoms) historiese werklikhede is en dat bevraagtekening daarvan nie geduld (of beskerm) sal word nie. Dit beteken ook die onbeskaamde standpunt dat die Staat van Belydenis nodig is, en 'n handhawing van die oortuiging dat volkskerk 'n goeie voertuig vir die Evangelie is.

Al hierdie positiewe sake sal gekoester en uitgebou moet word. Ons as mense het 'n geneigdheid om momentum te verloor. Vyf jaar na die bruilof roep die man nie noodwendig meer "skattie" met dieselfde vreugde nie. Om positiewe momentum te behou, moet daar 'n wilsbesluit wees en 'n konsensus-onderneming om positief bouend die toekoms in te gaan.

'n Tweede uitdaging vir die Bond is om sinvol met die Agenda en inhoud besig te wees. Aan die een kant is daar die versoeking om aan alles aandag te wil gee en daarmee saam eintlik af te skeep.

Geduld is die wagwoord wat sterk moet staan teen die meesleurende effek van tyd. Die Bond is jonk en kan met versigtigheid die pad vorentoe betree. Indien ons erns maak met ons standpunt naamlik; ons is die voortsetting van die Voortrekkerkerk, sal ons weet ons het 'n ryk verlede en sterk tradisie om op te steun. Ons hoef nie alles in plek te kry nie, alles is in plek. Ons kan met geduld die skeefftrekkings wat plaasgevind het, aanspreek.

Aan die ander kant kan ons besluit om net een saak af te handel en geen aandag aan die ander te gee nie. Dit kan rampspoedige gevolge tot gevolg hê.

'n Derde uitdaging is om nie in die skadu van die hofsak te staan, te dink en te besluit nie. Dit is waar dat ons in 'n hofstryd gewikkel is. Die saak neem lank om af te handel. Ons is oortuig daarvan dat ons wettig opgetree het, die reg is soms egter onvoorspelbaar. Ons durf nie ons besluite neem in die lig van die hofsake of met die oog op moontlike reperkussies nie. Ons moet met die Bybel oop voor ons, met ons ore luisterende na ons eie tyd, besluite neem tot eer van God en tot diens van Sy kerk.

## **BERIGTE**

### **1. GHG Bondsvergadering**

Die derde Bondsvergadering vind D.V. van 6-8 September 2015 plaas te Meyerspark gemeente. Die voorsitter sal dr Malan Storm wees. Afgevaardigdes kan reeds vanaf 16:00 registreer. Die erediens sal om

18:00 'n aanvang neem en alle lidmate word uitgenooi om die geleentheid by te woon. Die vergadering se werk sal Maandag 7 September in alle erns begin.

### **2. Dames byeenkoms**

**LEEF IN DIE LIG GHG DAMES-BYEENKOMS, 7 SEPTEMBER 2015**

Alle dames word hartlik uitgenooi na die Geloofsbond se Damesbyeenkoms DV Maandag, 7 September 2015 te Meyerspark Hervormde gemeente vanaf 8:00-16:30.

Soos verlede jaar, is dit 'n ontspanne geleentheid vir geloof-saamkuier, om mekaar beter te leer ken en is dit 'n geleentheid om mekaar te kan ondersteun en bemoedig. Koste is R100 per persoon en sluit registrasie, koffie en tee-geleenthede en middagete in. Alle dames van GHG-gemeentes is welkom. Kontak **Ina Steenkamp by 082 908 2831** vir besprekings of meer inligting.

### **3. Tuine: Basaar, 4 September**

Tuine hou basaar op Vrydag 4 September vanaf 16h00 tot om en by 19h00, op die hoek van Centre- en Louisastraat, Pretoria Tuine (op ons kerkterrein). U kan alles wat lekker is om op 'n Vrydag middag te eet, kom koop:

Daar is vars gebak, koeldrank, tee en koffie, pannekoek, hamburgers, vetkoek, kerrie en rys, nagereg, jafels, chips en tombola vir die kinders. Kom ondersteun ons!

### **4. Tuine: 50 jaar oud**

Tuine gemeente vier die **gemeente se 50 jarige bestaan op Sondag 13 September**. Na die erediens kuier die gemeente saam

tydens 'n braai. As u die geleentheid wil bywoon, skakel dr. Botma by 012-4607768.

### 5. Leedwese

Die was met groot hartseer dat ons moes kennis neem dat Dr Malan en Adri Storm se oudste kleinseun vroeg Donderdag oggend deur vyf gewapende rowers koelbloedig vermoor is. Die Storm gesin is nou deel van 'n steeds groeiende groepaal treurendes wat magteloos rou na aanleiding van die wettelose optrede van barbare wat aardse items sien as genoeg rede om te moor en plunder sonder voorbehoud. Lidmate word opgeroep om vir hierdie familie, maar ook al die ander treurendes in gebed aan die Here op te dra.

## KENNISGEWINGS

### 1. Bondsvergadering.

DATUM: 6 tot 8 September 2015.

PLEK: Hervormde Kerk Meyerspark

TYD: Registrasie vanaf 16H00.

Opening om 18H00.

KOSTES: R250 per afgevaardigde.

Die volgende moet asseblief as verwysing vermeld word by inbetaling:

“Gemeente Naam” Bondsvergadering Afgevaardigdes.

.

### 2. Bybelvasvra

BYBELVASVRA 2015 - Finale rondte

Hiermee die reëlings vir die finale rondte wat gehou word DV op Sondag 30 Augustus 2015 by wyse van vraestelle wat by elke deelnemende gemeente geskryf word en dan per E-pos of faks ingestuur word. Uitslae word bekend gemaak tydens Bondsvergadering D.V. 7 of 8 September 2015.

### 3. Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Die Vaalwater projek ken u.
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).
- Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgeld 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 te Marloth park, op die rivier. Daar is ook groot tweede en derde pryse. Belangstellendes kan skakel met **Hans Esterhuizen by 084 581 2905**.
- Premiermyn hou einde November hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252.

### • Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk
- Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

### 4. Geloofsbond Eredienste :

ww. geloofsbond.co.za Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas. <http://www.geloofsbond.org.za/>

## LEEF IN DIE LIG

GHG DAMESBYEENKOMS, 7 SEPTEMBER 2015

Alle dames word hartlik uitgenooi na die Geloofsbond se Damesbyeenkoms DV Maandag, 7 September 2015 te Meyerspark Hervormde gemeente vanaf 8:00-16:30.

Soos verlede jaar, is dit 'n ontspanne geleentheid vir geloof-saamkuier, om mekaar beter te leer ken en is dit 'n geleentheid om mekaar te kan ondersteun en bemoedig.

Koste is R100 per persoon en sluit registrasie, koffie en tee-geleentheid en middagetete in.

Alle dames van GHG-gemeentes is welkom.

Kontak Ina Steenkamp by 0829082831 vir besprekings of meer inligting.

# MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DIE VOLGENDE PRYSE TE WEN

**1ste Prys: Week se verblyf met luukse  
akkommodasie te Marloth Park teenaan die rivier.  
Slaap 12. Daaglikse skoonmaak ingesluit.**

**2de Prys: R1500-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis  
3 de Prys: R1000-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis**

Trekking: 29 November 2015  
Pryse kan nie vir kontant  
omgeruil word nie.

Kontak Hans Esterhuizen  
vir verdere besonderhede by 084 581 2905

groepaal' b.nw. Van, betreffende, behorende tot, as 'n groep of groepe: Die groepstipologie bestudeer die sogenaamde groepale eienskappe. Groepale ooreenkomste. Hulle word groepaal daardeur gekenmerk. **WAT**